Scriptura 15 (1985), 51-70

# DIE DROOM VAN BYBELSE GEREGTIGHEID

Prof D J Smit
Fakulteit Teologie
Universiteit van Wes-Kaapland
7530 Bellville
Rep van Suid-Afrika

ABSTRACT: A DREAM OF BIBLICAL JUSTICE

With the premise that there is a conflict to some extent in nearly all confessional ecclesiastical affiliations, the question is posed: what should the church do in order to be truly church in the divided South African society? Addressing the white churches in particular, the author suggests that they should adopt a new moral vision, a new approach to life, a dream of Biblical justice. This would imply accepting all people as people created in the image of God, and for whom Christ was crucified and resurrected. Discussing various ways in which this ideal may be brought about, the author suggests that Christians, individually and in groups, start reading the Gospel with new eyes, so that they can experience something of the inequality and tension in the society, and so that they can share this dream with others. However, to accomplish this will take courage.

* * *

'n Argument met vier stappe word gevolg. In die **eerste** stap word op 'n baie eenvoudige wyse gekyk na enkele van die sosiale prosesse waarvolgens die kerk as menslike gemeenskap funksioneer. In die **tweede** stap word van daardie insigte dan toegepas op die Suid-Afrikaanse samelewing en kerklike situ-

asie ten einde die probleem beter te probeer verstaan. In 'n **derde** stap sal ek in die lig daarvan 'n persoonlike antwoord op die simposiumvraag probeer gee, voordat ons in 'n **vierde** stap, soos Maria van ouds, sal vra hoe hierdie dinge tog moontlik is.

## 1. HOE FUNKSIONEER DIE KERK AS MENSLIKE GEMEENSKAP?

**Elke kerklike gemeenskap leef van 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing,** van 'n basiese perspektief op sake, van 'n netwerk van geloofsoortuigings, voorstellings, standpunte, lojaliteite, prioriteite, norme, aanvaarbare gedragspatrone en afkeurenswaardige gedragspatrone, ensovoorts. Elke kerklike gemeenskap leef van 'n bepaalde voorstelling en belewing van God, Christus, die koninkryk, die roeping van die kerk, die aard of sin van menswees, die prioriteite van die lewe, ensovoorts. Elke kerklike gemeenskap word gevolglik ook gekenmerk deur en kan ook selfs beskryf word in terme van so 'n gemeenskaplike netwerk van voorstellings, betekenisse, waardes en handelinge.

In hierdie proses ontwikkel so 'n kerklike gemeenskap 'n sekere **gemeenskaplike taal.** Hierdie taal sluit uiteraard nie net woorde en sinne in nie, maar ook alle ander tekens, simbole, rites, ensovoorts, wat benut word om betekenis oor te dra. Hierdie simboliese kommunikasie is moontlik omdat die lede of ingewydes dit kan verstaan en is van die uiterste belang. Dit word vanselfsprekend aan die Bybel ontleen en aan die geskiedenis van die Bybel in die kerk. Tog verteenwoordig dit ook altyd 'n bepaalde **keuse,** 'n definitiewe **interpretasie** en **rangskikking** van die Bybelse boodskap. Daarom verleen sekere konfessionele tradisies byvoorbeeld voorkeur aan sekere Bybelse woorde of sinsnedes, en ander tradisies weer aan ander. Sekere Bybelse woorde is vir sommige kerklike gemeenskappe net meer gevul met betekenis as vir ander. Wat by een groep allerlei klokkies laat lui, emosies wakker maak, probleme oplos en rigting bied, sê vir 'n ander groep dalk min, of niks. Dit beteken normaalweg nie dat 'n bepaalde groep die waarheid van sulke Bybelse woorde of uitdrukkings sal ontken nie, maar veel meer dat dit geen wesenlike rol speel in hulle lewens- en wêreldbeskouing nie. In sommige uiterste gevalle kan 'n kerklike polemiek so op die spits gedryf word rondom spesifieke uitdrukkings of simbole, dat een groep daarna allerlei negatiewe assosiasies

daaromheen mag ervaar, dit selfs volledig mag vermy en dit dus in werklikheid heeltemal prysgee aan die ander groep. Die kerkgeskiedenis ken talle sulke voorbeelde. Die meer normale verloop van sake is egter dat 'n kerklike gemeenskap feitlik ongemerk en meesal onbewus, met verloop van tyd, as gevolg van 'n verskeidenheid van oorsake en invloede, 'n sekere blik op sake ontwikkel, waarbinne bepaalde Bybelse temas, uitdrukkings, simbole, figure (en selfs gedeeltes) van sentrale belang word en ander op die agtergrond geskuif word.

Hierby kom egter 'n volgende aspek van groot belang. Hierdie gemeenskaplike taal speel ook 'n deurslaggewende rol in die instandhouding van die groepsidentiteit deurdat dit die **vorming en inskakeling** van nuwe lede, hetsy kinders of ander, **moontlik maak.** Soos mense die gemeenskaplike taal aanleer en dit al hoe meer betekenisvol vind, neem hulle die bepaalde lewens- en wêreldbeskouing as hulle eie oor, word dit ook toenemend hulle perspektief op sake, hulle bril waarmee hulle na die lewe kyk. In die verskillende kerklike gemeenskappe word hierdie gemeenskaplike tale en daarmee die betrokke gemeenskaplike visies op uiteenlopende wyses aangeleer. Soms speel die liturgie 'n deurslaggewende rol, soms die prediking, soms die inoefening van 'n bepaalde styl van persoonlike vroomheid, soms belydenisse, soms die liedereskat, soms gespreksgroepe, ensovoorts. Hoe dit gebeur is nie so belangrik nie as die feit dat dit gebeur, dat elke kerklike gemeenskap 'n bepaalde visie op die lewe het en oordra deur 'n vertroude taal- en kommunikasiesisteem. In hierdie verband moet die belangrike rol van **simbole** nie onderskat word nie. Simbole is as 't ware brandpunte vol seggingskrag, gebeurtenisse, woorde of dade wat sonder meer 'n hele wêreld van betekenis oproep, veel ryker as wat enige ander vorm van kommunikasie kan oordra. Sulke simbole maak onder andere ook die krag van retoriek moontlik in so 'n groep. 'n Spreker wat weet hoe om die simbole te hanteer wat vir die ingewyde hoorders na aan die hart lê, kan hulle meesleur en boei.

Die proses waardeur nuwelinge die gemeenskaplike taal en daarmee die gemeenskaplike visie van so 'n groep toeëien, behels **verskillende stappe.** Ten minste drie is van groot belang. Eers word die gemeenskaplike taal die bril waardeur alles voortaan toenemend **geïnterpreteer** sal word. Dit word die sleutel ten einde alles te ontsluit, vanaf die Bybel tot by die alledaagse werklikheid. Dit word die verstaanskader waarbinne die hele lewe georden word ten einde reliëf, pri-

oriteite, sinsamehang, te verkry. As gevolg van hierdie bril waardeur mense leer om na sake te kyk, verstaan hulle dit anders as diegene wat met 'n ander bril leer kyk het. Daarbenewens word van mense verwag om hulle al hoe meer **toe te wy** aan die betrokke lewens- en wêreldbeskouing. In 'n kerklike gemeenskap is hierdie tweede element van subjektiewe betrokkenheid en van persoonlike oorgawe 'n baie belangrike deel van die inskakelingsproses. Om net die taal te verstaan en te kan gebruik in die interpretasie van sake is nie genoeg nie. Vir die kerk hoort die aspek van lojaliteit en werklikheid en die gepaardgaande persoonlike toewyding ook nog tot 'n kenmerkende **gedragspatroon** binne so 'n gemeenskap. Sekere norme vir die lewenspraktyk word geïmpliseer. Die korrektheid van die interpretasie en die erns van die toewyding word finaal sigbaar uit die nougesetheid waarmee geleef word binne die perke van die voorgeskrewe gedrag.

Hiermee word 'n volgende saak nou duidelik. Presies dieselfde proses waarmee mense ingeskakel word by die gemeenskap dien ook om die **grense van die gemeenskap te trek** en dus om andere uit te hou uit die groep. Al die elemente van die proses van toeëiening dien tegelykertyd om diegene te identifiseer wat nie deel uitmaak van die betrokke gemeenskap nie. Iemand wat die groepstaal nie verstaan nie, by wie sekere woorde, uitdrukkings en simbole nie die regte klokkies lui nie, nie die regte assosiasies oproep en die normale emosies wakker maak nie, is klaarblyklik 'n buitestaander. Iemand wat nie alles feitlik vanselfsprekend kan interpreteer met behulp van die gemeenskaplike perspektief op sake nie, wat verkeerde vrae vra, wat ongemaklike detail raaksien, wat vreemde gevolgtrekkings maak uit voor die hand liggende feite, wat sowel die Bybel as die televisie sien deur 'n skewe bril, is klaarblyklik 'n buitestaander. Iemand wat nie dieselfde prioriteite het as die groep nie, wat nie oor dieselfde sake opgewonde raak, nie deur dieselfde simbole geroer word nie, nie dieselfde toewyding, entoesiasme en offervaardigheid ter wille van die saak toon nie, is klaarblyklik 'n buitestaander. Iemand wat nie van harte leef volgens die algemeen-geldige gedragspatrone nie, wat hom of haar nie hou by wat aanvaarbaar en onaanvaarbaar is nie, wat nie leef volgens wat "in" is en wat "uit" is nie, is klaarblyklik 'n buitestaander. **Kortom,** presies dieselfde prosesse wat sosiaalverenigend werk deurdat dit mense tot 'n solidariteit saamsnoer binne so 'n groep, werk terselfdertyd sosiaal-verdelend deurdat dit die groep toenemend isoleer van ander gemeenskappe en groepe.

Vanselfsprekend is daar binne so 'n kerklike gemeenskap 'n sekere **speelruimte.** Nie almal verstaan die taal ewe goed, interpreteer sake ewe vlot, is subjektief ewe toegewyd of handel presies ewe nougeset nie. In 'n mindere of meerdere mate duld elke kerklike gemeenskap hierdie speelruimte. Terselfdertyd is daar egter voortdurend sekere meganismes aan die werk om die toeëienings- en toewydingsproses by almal te versterk, asook sekere meganismes om te verseker dat die grense darem nie heeltemal oorskry word en die identiteit van die groep werklik bedreig word nie.

Die **redes** vir hierdie speelruimte is velerlei en die meeste daarvan is voor die hand liggend. Onder andere is een belangrike rede die feit dat die kerklidmate nie net binne 'n kerklike gemeenskap leef nie, maar elkeen ook binne verskeie ander samelewingsverbande waar presies dieselfde prosesse ook aan die werk is en dieselfde soort invloede ook op hulle uitgeoefen word: waar hulle eweneens 'n sekere taal leer praat, 'n sekere perspektief op sake verkry, 'n sekere interpretasie van die lewe deel, 'n sekere betrokkenheid en lojaliteit verskuldig is en binne sekere voorgeskrewe gedragskodes moet handel. Nou bestaan daar 'n tweërlei moontlikheid. Enersyds mag dit wees dat van hierdie ander leefwêrelde 'n perspektief verteenwoordig wat, al is dit net op bepaalde punte, strydig is met die perspektief van die kerklike gemeenskap. In sulke gevalle sal die lidmate keuses moet maak en losser staan van die kerklike lewens- en wêreldbeskouing na dieselfde mate waarin die ander perspektiewe invloedryk of bepalend word. Afhangend van hoe ingrypend hierdie variasies van standpunte is, sal die kerklike gemeenskap 'n speelruimte toelaat om baie tipes mense te akkommodeer wat darem nog inpas by die mees fundamentele keuses van die kerk. Andersyds mag dit egter ook wees - en hiermee kom nou 'n wesenlike saak ter sprake - dat 'n bepaalde kerklike visie baie harmonieus, sonder veel spanning of konflik, aanpas by die lewensoriëntasie van die ander samelewingsverbande. Volgens baie mense is dit trouens ook die ideaal vir kerkwees: die kerk moet in en vir 'n bepaalde groep bestaan, die kerk moet soos 'n handskoen inpas by die kulturele, ekonomiese, politieke en ander dimensies van die groep. Die kerk moet as 't ware die religieuse aspek van elke gemeenskap wees. Wanneer dit egter gebeur, het dit noodwendig belangrike implikasies. Hoe meer 'n kerklike gemeenskap saamval met die leefruimte van 'n spesifieke, homogene groep, hoe meer sal hulle lewens- en wêreldbeskouing ook saamval. In so 'n geval is die sterkste bindende faktore in die betrokke kerk, die elemente wat die samehorigheidsgevoel

verseker, normaalweg nie meer soseer Bybelse of teologiese sake nie, maar wel die belange en idees van die homogene groep self. Terselfdertyd val die grense van die kerk dan ook saam met die van die groep. Dit word "ons" kerk en omgekeerd is ons weer almal lojaliteit aan die kerk verskuldig. Die grense van so 'n kerk word gevolglik getrek en afwykings word sigbaar, nie soseer in terme van Bybelse of teologiese sake nie, maar wel in terme van die belange en idees van die betrokke sosiale groep. Wie nie regtig solidêr is met die saak nie, hoort ook nie eintlik in die kerk nie en sal in ieder geval nie daar alte tuis voel nie. Illustrasies van hierdie soort ontwikkeling kan vermenigvuldig word uit die geskiedenis van die kerk.

Miskien die mees problematiese aspek van die saak word hiermee eers duidelik. 'n Kerk wat so in die suigkrag kom van 'n bepaalde belangegroep is normaalweg **nie daarvan bewus** nie. Vanselfsprekend kies so 'n kerk om daardie groep te dien en te help, maar die kerk is feitlik nooit daarvan bewus dat dit geskied op ander gronde as Bybelse en teologiese keuses nie. Die proses waarin die kerk se lewens- en wêreldbeskouing beïnvloed word deur die belange en strewes van die groep, geskied meesal volkome onbewustelik. Trouens, hoe intiemer die verband tussen 'n kerklike gemeenskap en 'n bepaalde redelik homogene sosiale of belangegroep, hoe meer die kerklike visie saamval met die burgerlike visie, die kerklike etiek met die burgerlike moraal, die kerklike hoop met die sosiale aspirasies en verlangens, hoe meer **van-self-sprekend** word die visie op die werklikheid en hoe minder is so 'n kerk hom daarvan bewus dat dit maar een perspektief naas andere is, een interpretasie van die Bybel, die evangelie en die werklikheid. Hoe meer so 'n kerk geïsoleer word van ander kerklike gemeenskappe, en dus van ander visies, hoe meer vanselfsprekend word die eie perspektief. Mettertyd vergeet so 'n kerk dat hulle siening nie noodwendig die Bybelse boodskap self is nie, maar slegs een interpretasie daarvan naas ander. Die rol wat keuses, rangskikking, prioriteite, bepaalde ervarings, bepaalde krisisse, ensovoorts, gespeel het in die historiese ontwikkeling van die eie perspektief, word vergeet en dit word al hoe meer ervaar as die enigste werklik legi-tieme uitsig op die lewe. Die feit dat met 'n bril gekyk word na sowel die Bybel as die wêreld, word vergeet. Die bepaalde lewens- en wêreldbeskouing word doodgewoon verabsoluteer en as die legitieme ordeningsbeginsel beskou ten einde die wêreld te verstaan. In sulke gevalle gebeur dit dan ook baie maklik dat Bybelse en teologiese argumente gebruik word as regverdiging

van waardes, keuses en optredes wat dalk ten diepste totaal anders gemotiveer is en selfs strydig kan wees met die hart van die Bybelse boodskap en dit alles dalk onbewustelik en asof vanselfsprekend.

## 2. HOE GELD DIT IN DIE SUID-AFRIKAANSE SAMELEWING EN KERK?

Wanneer 'n mens nou hierdie algemene opmerkings probeer **toepas op die kerk in die Suid-Afrikaans samelewing,** word 'n verskeidenheid van sake onmiddellik duidelik.

Ons leef in 'n verskeurde samelewing, in twee wêrelde, en dan boonop: in wêrelde ligjare van mekaar verwyder. 'n Mens sou dit 'n wit en 'n swart wêreld kon noem, want tot 'n hoë mate is dit die verdelingslyn, maar so 'n omskrywing kan nog te onskuldig en selfs verontskuldigend wees. Dit mag - hoe ongelooflik dit ook al mag klink! - by sommige mense die wanindruk wek dat dit maar 'n onskadelike en natuurlike - of erger nog: godgewilde-skeidslyn is, in die gees van: ons hier en hulle daar, apart maar gelyk, verskillend (bedoelende kultureel en etnies), maar tog ook weer eenders (bedoelende gelukkig, goed versorg, tevrede en bevoorreg). Dit mag - hoe ongelooflik dit ook al mag klink! - by sommige mense die wanindruk wek dat dit so min of meer om 't ewe is of 'n mens in die oggend in Suid-Afrika wakker word en opstaan met 'n wit of 'n swart vel. As 'n mens dit sou bedoel met die wit ervaring van die Suid-Afrikaanse werklikheid en die swart ervaring daarvan, het 'n mens die verskeurdheid van ons land nog nie naastenby gepeil nie.

Om hierdie rede is dit dalk maar 'n bietjie beter om die ewe problematiese uitdrukking "Eerste Wêreld-Derde Wêreld" te gebruik ten einde verdelinge in ons samelewing te beskryf. Dit skakel by voorbaat darem al die idee uit van 'n simmetrie, van 'n balans, van 'n onskuldige gelykheid tussen swart en wit. Dit maak ten minste duidelik dat,in terme van sosiale analises, die verhoudinge in Suid-Afrika nie die horisontale verhoudinge tussen gelykes is nie, maar die vertikale verhoudinge tussen die magtiges en die magteloses,die bevoorregtes en die benadeeldes, diegene wat die sê het en diegene wat stem-loos is, gefrustreerd, verbitterd, verneder. Hierdie basiese vertikale verhouding geld vanselfsprekend nie net van

die oorkoepelende politieke struktuur van ons land nie, maar deursuur juis die hele samelewing en geld in die èèrste plek van die duisende situasies en verhoudinge waarin wit- en swartmense daagliks met mekaar te make kry. Wit kleuters het, asof vanselfsprekend, per geboorte, meer voorregte, meer mag en meer sê as gryse swart vaders en gedra hulle ook meesal daarna. Natuurlik is sake 'n bietjie ingewikkelder as dit. Ook binne die wit gemeenskap bestaan daar vertikale verhoudinge tussen magtiges en magteloses, tussen bevoorregtes en baie erg benadeeldes. Ook binne die swart gemeenskap bestaan daar, soos trouens in haas enige Derde Wêreld-situasie, eweneens vertikale sosiale verhoudinge en is daar mense wat bevoorreg, magtig en voorspoedig is. Dit doen egter geen afbreuk aan die feit nie dat selfs die mees benadeelde in die wit gemeenskap net kragtens sy of haar pigmentasie bo 'n sekere plafon gebore is en dat selfs die mees bevoorregte swartmens net kragtens sy of haar pigmentasie onder 'n sekere plafon gebore is. Die vernedering, die pyn en die vrae, ook die geloofsvrae, is juis vir sulke swartmense nie noodwendig minder nie, maar miskien juis meer.

Die uitdrukking "Eerste Wêreld-Derde Wêreld" maak terselfdertyd op 'n manier duidelik dat hierdie "ongebalanseerde verdeeldheid" van ons samelewing nie maar net toevallig is, die onskuldige resultaat van natuurlike of selfs godgewilde prosesse of ordeninge nie. Dit is ook, ten minste gedeeltelik, te wyte aan menslike meerderwaardigheidsdenke, selfsug en magsmisbruik en ideologiese verblinding. Ondanks ons verskeurdheid, hang die twee wêrelde van Suid-Afrika immers tog ten nouste met mekaar saam. Die ongehoorde voorspoed en Eerste Wêreldse gerief van die een het nie tot stand gekom en kan ook nie volgehou word los van die vernedering en die asof vanselfsprekende uitsluiting en benadeling van die ander nie. Velkleur is dus nie die eintlike punt nie, maar wel die feit dat velkleur - die een faktor buite 'n mens se beheer en verantwoordelikheid en dus waarlik godgewil! - die paspoort by uitnemendheid gemaak is tot 'n spesifieke soort lewenskwaliteit en -ervaring.

Hiermee raak ons nou aan die hart van die saak. In hierdie verskeurde of gepolariseerde samelewing het naamlik 'n lewens- en wêreldbeskouing gegroei, 'n ideologie, 'n interpreterende bril, wat - byna ironies - deur albei pole beleef word as die oorheersende verklaringsbeginsel vir ons samelewing. Almal van ons se belewenis word gekleur, feitlik verblind, deur hierdie bril. Vir die wit lewensbesef tuimel

alles ineen as aan hierdie geordende,gelukkige werklikheid gepeuter word. Vir die swart lewensbesef hang al hulle pyn, ellende, lyding en swaarkry, armoede, kulturele ontworteling, frustrasies, ja, álles, saam met hierdie geordende, onregverdige en rassistiese werklikheid en sal baie ellende asof oornag verdwyn as hierdie ideologie maar net verbreek kan word. **Die een se droom is die ander se nagmerrie en omgekeerd. Die een se hoop is juis die ander se vrees en omgekeerd.**

In hierdie verskeurde en gepolariseerde samelewing, met hierdie radikaal teenoorgestelde lewensbeskouings en drome, bestaan die Christelike kerk. Ook dié formulering kan egter nog te onskuldig bedoel en verstaan word, so asof die Christelike kerk as 'n aparte, losstaande grootheid as 't ware tussen hierdie wêrelde leef of kan leef. In die praktyk is dit natuurlik nie heeltemal waar nie, maar is die kerk ten nouste betrokke by hierdie gemeenskappe met hulle onderskeie drome, ervaringswêrelde, belange en strewes. Om dié rede is dit 'n vraag of 'n mens alte gladweg moet vra na die rol van "die kerk" in ons samelewing, so al asof die kerk "een" is. In die praktyk is die Christelike kerk in Suid-Afrika bykans net so verskeurd as die samelewing self, tot op die punt dat 'n mens skaars nog kan praat van "die kerk", trouens, tot op die punt dat sommige Christene ander nie meer wil of kan herken en dus erken as mede-Christene en dus as die kerk van Christus nie.

Die feit van die saak is doodgewoon - in die lig van ons vroeëre analise - dat die onderskeie kerklike gemeenskappe leef van uiteenlopende en selfs reglynig teenoormekaargestelde lewens- en wêreldbeskouinge. Hulle praat verskillende tale. Hulle hoor die evangelie verskillend. Hulle lees die Bybel verskillend. Hulle beleef Christus verskillend en het uiteenlopende verwagtinge van God. In hulle pleitbedes vra hulle verskillende dinge. Hulle leef van verskillende tradisies en heg waarde aan verskillende simbole, figure, gebeurtenisse en dokumente. Hulle heg totaal uiteenlopende betekenisse aan dieselfde Bybelse woorde, soos vrede, verlossing, geregtigheid, versoening, broederskap, eenheid, ensovoorts. Wat vir sommige sleutelterme is, voorkeurbegrippe, ryk aan seggingskrag en inhoud, wek die ander se wantroue op, of weersin, of vrees - en omgekeerd. Hulle praat by mekaar verby, want hulle leef by mekaar verby in verskillende wêrelde. Hulle prioriteite verskil, hulle waardes en norme. Wat vir die een groep vanselfsprekend aanvaarbare gedrag is en feitlik die sjibboleth waaraan Christenwees getoets word, vind die ander on-

denkbaar vreemd. Die aard van die toewyding of lojaliteit wat van lede verwag word, verskil daarom radikaal, want die saak verskil radikaal.

Selfs hiermee is egter nog nie genoeg gesê nie. Hierdie toestand het naamlik nie sommer net so gladweg en oornag ontstaan nie. Juis die wit kerke het naamlik self 'n invloedryke rol gespeel in die vorming en gestaltegewing van hierdie lewens- en wêreldbeskouing. Die NG Kerk, byvoorbeeld, het oor die jare heen al hoe meer 'n volkskerk geword, 'n kerk wie se lewens- en wêreldbeskouing al hoe meer onafskeidbaar verbonde geraak het met die Afrikaner se lewens- en wêreldbeskouing, 'n kerk wie se droom, wie se taal, wie se terminologie, wie se simbole, wie se hooffigure, al hoe meer saamgeval het met die Afrikanervolk s'n: 'n kerk wie se grense - hoe verstommend dit ook mag wees! - saamgeval het, al was dit net in die praktyk, met die kleurgrense van die Afrikanergevoel, 'n kerk wie se belange en strewes feitlik ooreengekom het met diè van die Afrikanergemeenskap. Om hierdie redes was daar 'n tyd toe die Afrikanerkerk(e) **as** kerk(e) baie uitgesproke die Afrikanerdroom moes help formuleer en propageer en baie aktief, openlik en georganiseerd die Afrikanergemeenskap se politieke, ekonomiese en sosiale belange moes probeer bevorder, maar kon daar ook 'n tyd aanbreek, toe die strukturele mag in die samelewing al hoe meer in Afrikanerhande verplaas is en die Afrikanerdroom al hoe beter gestalte gekry het, dat die kerk **as** kerk 'n al hoe meer a-politiese, sogenaamde suiwer godsdienstige rol kon begin speel, omdat daar 'n netwerk van ander kulturele, ekonomiese en politieke instansies was wat elk op sy eie terrein dieselfde droom suksesvol kon bly dien. In so 'n tyd hoef die kerk nie langer meer die stem van die stem-loses te wees nie. In so 'n tyd kan 'n volkskerk self **as** kerk 'n baie lae politieke profiel handhaaf, slegs maar af en toe vertroulike samesprekinge met hùlle regering voer en as individue 'n leidende rol in die kulturele, meningsvormende organisasies speel, soms selfs geheimelik. Hoofsaaklik bestaan so 'n volkskerk se kerklik-politieke taak voortaan dan daarin om aanslae en kritiek op die droom uit ander kerklike oorde kerklik en teologies te beantwoord, om sodoende die gewete van die volk of groep gerus te hou en die droom van die volk ongeskonde.

Die moeilikste deel van die probleem is egter dat so 'n toestand mettertyd al hoe meer **vanselfsprekend** en daarom ook **onbewus** word. Dat allerlei nie-teologiese oorweginge eintlik die deurslaggewende rol speel, is later selfs vir die betrokke

kerklidmate self nie meer sigbaar nie. Dit is slegs by geleentheid, wanneer keuses tussen Bybelse en volkse belange duidelik afgeforseer word, dat dit vir almal sigbaar word waar mense se diepste lojaliteite en prioriteite in werklikheid lê. So sal baie mense rustig deur 'n preek sit waarin allerlei ongereformeerde dwalinge verkondig mag word, sonder dat dit hulle hoegenaamd skeel of ontstel, maar wanneer iemand met 'n ander velkleur saam wil aanbid, of as lidmaat verwelkom moet word, veroorsaak dit skokgolwe en reaksies van verset. Slegs by sulke geleenthede mag dit vir sensitiewe mense duidelik word dat daar êrens iets aan die gang is, omdat dit dan blyk dat mense wat met die mond alle regsinnige Christelike oortuigings sal bely en dit bedoel ook, ten diepste nie dáárby leef nie, maar wel by liefdelose en onevangeliese waardes en norme.

Presies om hierdie redes loop die konflik tans in 'n mindere of meerdere mate deur amper alle konfessionele kerklike groeperinge in Suid-Afrika: Gereformeerd, Luthers, Presbiteriaans, Metodisties, Baptis, Apostoliese Geloofsending, Katoliek, noem maar op. Die nie-teologiese belange, strewes en solidariteit is eenvoudig net vir baie mense meer beslissend as ander oorweginge. Veral agterhaalde leerstellige meningsverskille verloor feitlik alle belang in die aangesig van ander, meer dringende keuses. Selfs stoer gereformeerde entoesiasme vir die independente van Moria is skielik nie meer vergesog nie!

## 3. WAT MOET DIE ROL VAN DIE KERK DAN NOU WEES?

Dit is teen hierdie agtergrond dat die simposiumvraag beantwoord moet word. Wat moet hierdie verskeurde kerk doen om relevant te wees in die Suid-Afrikaanse samelewing? Of die kerk in ieder geval relevant is en selfs regtig daarna moet streef om relevant te wees, is volgens baie mense alreeds 'n vraag. Bes moontlik skuil juis in daardie vraag alreeds 'n versoeking vir die kerk. Miskien is dit daarom beter om maar meer beskeie te vra wat die kerk behoort te doen om waarlik **kerk** te wees in hierdie verskeurde samelewing om getrou te wees aan die roeping van die kerk, om gehoorsaam te wees aan die Heer van die kerk?

Om voor die hand liggende redes het die verskillende gestaltes van hierdie verskeurde kerk nie identiese rolle te speel nie. Binne die konteks van hierdie simposium wil ek my graag daarom - in 'n oomblik van "uitsinnigheid", soos Paulus gesê het - bepaal by die rol van die **wit** kerke.

Die wit kerke moet - so lyk dit my - **'n nuwe droom begin droom:** 'n nuwe kykie kry in die hart van God; 'n nuwe honger en dors begin ontwikkel na die koninkryk van God en sy geregtigheid, wat ons in onbesorgdheid behoort te soek bo alle dinge, omdat wat nodig is dan vir ons bygevoeg sal word; 'n nuwe oor begin kry vir die roepstem van die Jesus van die Evangelies wat Homself in Gods Naam vereenselwig het met die nood van die ellendiges, die behoeftiges, die sosiaal-uitgestotenes, die religieus onaanvaarbares, die randfigure van die samelewing en wat gesê het wie Hom wil volg moet in selfverloëning sy of haar kruis opneem, maar sal in diè proses die lewe win, oorvloed van blydskap, en vrede. Die wit kerke moet 'n nuwe droom begin droom; 'n droom van die Bybelse vrede, die sjaloom, wat nie blote rus en orde is wat met mag en geweld in stand gehou word nie, maar wat 'n vrede is wat op geregtigheid en billikheid berus; 'n droom van die Bybelse geregtigheid, waarvolgens 'n samelewing se sin vir geregtigheid gekenmerk word deur die wyse waarop omgesien word na die swakstes en die mees hulpeloses, die lydendes en die veronregtes; 'n droom van die Bybelse godsdiens wat daarin bestaan dat 'n mens nie geestelike liedere aanhef terwyl die armes in die poort verkoop word nie, dat 'n mens nie by die gewonde vyand langs die Jerigo-pad verbyhaas op pad na die erediens nie, dat 'n mens wese en weduwees in hulle verdrukking besoek. Die wit kerke moet 'n nuwe droom begin droom van wat dit beteken om kerk te wees, in navolging van Jesus, in die wêreld gestuur soos Hy deur die Vader gestuur is, 'n kerk in dienskneggestalte, liefdevol en dienend, bereid om onder die kruis te wees en te bly. Die wit kerk moet 'n nuwe droom begin droom waarin mense nie langer in die eerste plek gedefinieer en behandel word in terme van hulle velkleur nie, maar in die lig daarvan dat hulle doodgewoon ook mense is, geskape na die beeld en gelykenis van God en mense vir wie Christus gesterf het en opgewek is; 'n droom waarin mense sal leer om nie langer na die wêreld te kyk met die oë van eiebelang nie, maar met die oë van die ander, as 't ware "van benede", deur die oë van die lydende naaste; 'n droom wat ook weer aan die jong Wit geslag 'n toekoms sal bied wat die moeite werd is om voor te leef en, indien nodig, te sterf.

Sô 'n droom is van die uiterste belang. So 'n droom, so 'n visie, so 'n lewens- en wêreldbeskouing, so 'n nuwe netwerk van oortuigings, prioriteite, strewes, ideale en belange, is van beslissende betekenis. Dit kan nuwe moontlikhede skep vir hierdie droewe land wat tans nog nie bestaan nie. Dit kan in die wit kerke 'n nuwe taal tot stand bring en 'n nuwe sensitiwiteit vir die swart belewenis van ons samelewing. Dit kan meehelp dat wat tans nog vanselfsprekend lyk, al hoe meer bevraagteken sal word totdat die onhoudbaarheid daarvan vanselfsprekend sal wees. Dit kan meehelp dat simbole wat tans nog allerweë weersin wek, dat figure wat tans nog gekarikaturiseer word en as vyande opgebou en voorgehou word, dat politieke en ekonomiese stappe waaroor tans nog nie eens gefluister mag word nie, dat toekomsmoontlikhede wat tans nog vrees en verskrikking inboesem, dat dit alles normaal, vanselfsprekend en reg mag begin lyk. Dit mag meebring dat wat tans nog as nagmerries ervaar word, moontlikhede van versoening en bevryding vir ons land mag word.

Wanneer die kerk so 'n droom begin droom, so 'n nuwe visie op die lewe begin verkondig en uitleef, oorskry die kerk **as** kerk daarmee nie die grense van sy roeping nie; inteendeel. Die kerk gee nie daarmee ekonomiese strategieë of politieke bloudrukke aan die hand nie. Die kerk vervul daarmee net sy opdrag om die sout van die aarde en die lig van die wêreld te wees. Die kerk werk daarmee net mee aan die vorming van 'n nuwe morele basis, 'n nuwe meer evangeliese lewens- en wêreldbeskouing, wat die weg kan baan vir allerlei ekonomiese en politieke strategieë wat tans nog onmoontlik is omdat dit uitgesluit word deur die ideologiese verblinding by baie, 'n verblinding waaraan die kerk juis meegewerk het. Die kerk maak daarmee slegs in die praktyk sy vrome maar teoretiese belydenis waar dat hy die gewete van die samelewing behoort te wees, nie slegs in 'n negatiewe of kritiese sin nie, maar ook in 'n positiewe en vormende sin. Op die basis van so 'n droom sal nuwe gesprekke dan moontlik word oor hoe om dit ten beste te verwesenlik. Mense sal daaroor verskil. Sommige sal vir meer kans sien, ander vir minder. Maar daar sal nuwe prioriteite wees, nuwe lojaliteite, en ook: nuwe gespreksvennote.

Miskien is dit die deurslaggewende punt: as ons wit Christene in hierdie land die droom wil droom van Bybelse geregtigheid, ware vrede en egte versoening, die droom van 'n toekoms waarin ons in gehoorsaamheid onsself sal verloën en die belange van die ander sal soek, dan sal ons die swart mense van hierdie land, die swart stem, en dit beteken op die

oomblik ook: die swart protes, ernstig moet neem. Dan moet ons die swart drome, die swart aspirasies, die swart belange, en dit beteken ook: die swart leiers, die figure, die simbole, die organisasies, wat ons deur ons ideologiese bril leer sien het as die vyand, ernstig neem. As ons werklik, deur 'n nuwe Bybelse visie op sake te ontwikkel, implisiet erken dat ons al die jare gewerk het met 'n ideologie wat mense verneder en veronreg het, dan sal ons ook moet erken dat die mense wat deur die jare die simbole van verset daarteen geword het, baie van hulle eksplisiet gemotiveer deur hulle geloof in Jesus Christus, dat hulle, ten minste, 'n mate van reg aan hulle kant gehad het. Ons sal moet erken dat ons aandadig daaraan was indien hulle al hoe meer geradikaliseer geraak het en ons sal die emosies wat rondom hierdie mense leef in die swart gemeenskap moet ernstig neem en moet respekteer. Miskien is dit die moeilikste van alles.

Op die oomblik is daar 'n nuwe gees vaardig in ons land. Mense sê: dis nou tyd vir dialoog, vir onderhandeling. Die media doen lustig mee en selfs die kerke probeer hulle deel. Maar vir baie van hierdie mense - klaarblyklik nie vir almal nie - is dit, miskien onbewus, maar miskien ook doelbewus, maar net 'n strategie om die oue te behou in nuwe gedaante, by baie is dit net die mees geskikte manier om in die uur waarin ons nou leef te verseker dat sake darem nog onder beheer bly, by baie verteenwoordig die nuwe styl slegs verstellings en nie werklik 'n verandering van die onderliggende morele visie, die lewensbeskouing, die droom nie. Dit beteken dat baie witmense in hierdie dialoog, ook die kerklike dialoog, steeds die inisiatief wil behou, steeds die voorwaardes wil bepaal, steeds die eiebelang wil soek, steeds die gespreksvennote wil uitsoek, steeds die swart ervaring nie ernstig neem nie en daardeur die versoening en die vrede al hoe moeiliker maak, omdat die magteloosheid en die frustrasie daarmee net vererger word.

Niemand moet egter enige illusies hê of idealistiese voorstellings maak van wat sal gebeur as die wit kerklike gemeenskappe so 'n nuwe droom sal begin droom en toenemend die pad van selfverloëning en geregtigheid sal soek nie. 'n Mens moet jouself nie mislei nie. Die eindpunt van so 'n weg, waarop 'n mens jou eie beheer en mag oor sake as 't ware prysgee en begin deel met ander, jou inlaat om te hoor wat die ander werklik vir jou wil sê, is immers per definisie onvoorstelbaar en nie manipuleerbaar nie, onbekend en onseker, 'n waagstuk wat 'n mens aangaan in vertroue op God wat jou roep na 'n nog onbekende bestemming. Alhoewel die

praktiese implikasies van so 'n nuwe perspektief of morele visie dus per definisie onseker is, is sekere realiteite egter doodgewoon tog duidelik en ons moet daaroor eerlik wees. Ons sal op 'n nuwe manier te make kry met die Derde Wêreldse kant van ons samelewing, met die feit dat ons van Afrika is en moet wees, met die armoede, swak onderwys, gebrekkige huisvesting, swak gesondheidsdienste, geweldige werkloosheid, beroepsonsekerheid, die uitsiglose toekomserváringe, noem maar op, van die ander kant van ons land. Ons sal dit toenemend aan ons eie lyf ervaar, toenemend daarin moet deel. Ons sal te make kry met ander lewensbeskouinge, kulturele oortuigings en waardes as die van ons eie Westerse mentaliteit. En ons sal dit moet respekteer en ernstig neem. Ons sal, by wyse van spreke, veel meer die behoeftes en die pyn van ons samelewing moet herverdeel as wat ons die sogenaamde rykdomme sal herverdeel. Ons sal beteuel word in baie van ons drange en ons so vanselfsprekende leefgewoontes. Ons sal in die proses veel moet prysgee, niè ons sogenaamde "identiteit" nie, maar wel van wat ons deur die jare ongemerk vir onsself toegeëien het as deel van ons identiteit, soos politieke alleenreg, ook om oor andere te beskik, ekonomiese bevoorregting, sodat ons kinders, wat alreeds so bevoorreg is, net asof vanselfsprekend aanspraak het op hoeveel maal die besteding aan onderwys per kind as swart kinders, om die onregverdige klowe wat al klaar bestaan net steeds maar te vergroot, ensovoorts. In die retoriek, waardeur ons deur die jare heen so gekondisioneer is, beteken die "identiteit" wat ons so hartstogtelik wil handhaaf lank nie meer ons Afrikanerskap, wat in ieder geval godgegewe en onverliesbaar is, of ons basiese mensereg om as 'n kulturele minderheidsgroep te bly funksioneer en sekere instellings van ons eie te mag voortsit nie, maar vir baie beteken dit hierdie hele pakket van Eerste Wêreldse bevoorregting wat ons met mag verwerf het en behou in die hart van 'n Derde Wêreldse situasie. Ons sal in die proses veel moet prysgee. Ons sal die relatiewe rus en orde waarin ons onsself gehul het, die illusie van vrede wat die media aan ons voorbehou, op sovele maniere verloor en die diepe konflik, wat tans in ons land heers, na ons toe moet haal, dit aan die lyf moet ervaar as 'n konflik waaraan ons mede-aandadig is en ons sal moet erns maak daarmee. Dit is doodgewoon wensdenkery om te dink dat ons aan alles kan vasklou wat ons tans het en tog ook aan andere dieselfde kan gun, elkeen op sy eie plek. Die werklikhede van ons land maak so 'n idilliese toekoms eenvoudig nie moontlik nie en ons moet dit erken omdat dit **reg** is om dit te erken.

Dit bring ons by 'n belangrike punt. Wit Christene sal bereid moet wees om hierdie pad van selfverloëning en geregtigheid te soek eenvoudig omdat dit **reg** is en nie om enige ander rede nie. Dit moet nie 'n strategie vir oorlewing wees, gebore uit die nood van die situasie en die druk van buitelandse invloed en binnelandse anargie nie. Dit moet nie bedoel wees as 'n soort heroïese daad waarvoor 'n mens erkenning, dank en lof verwag nie, want niemand gaan dit gee nie. Dit moet nie geskied met die bedoelingom steeds relevant te bly, in die sin dat wittes so steeds die leiding sal kan behou, die insisiatief, die mag nie, want dit sal nie werk nie. Dit moet nie gebeur in die hoop dat ons dit gou maar moet doen om dit weer agter die rug te kry nie. Ons sal nie 'n nuwe lewens**fase** ingaan, wat spoedig weer verby sal wees nie, maar ons sal 'n nuwe lewens**styl** moet aanleer, wat ons en ons jong geslagte se toekoms radikaal gaan verander. Ons sal hierdie weg slegs kan gaan in die vaste wete dat dit reg en goed is, dat ons van godsweë daartoe geroep is, uit liefde en ontferming teenoor die naaste, op grond van morele oortuigings, op grond van 'n dròòm.

'n Mens moet dus eerlik en realisties wees, maar nie somber nie, want ten diepste is hierdie droom **die evangelie,** die goeie nuus van God, die belofteryke opening van 'n nuwe toekoms, **vir wit en swart** in hierdie land. Ons sal veel verloor, maar nog veel meer win. Ons sal vir ons wit kinders 'n toekoms win wat weer uitdagings inhou, 'n roeping, iets wat dit die moeite werd maak om voor te leef, 'n toekoms wat die onsekerheid, die sinloosheid en selfs die vrees uit baie harte kan verdryf, 'n morele moedeloosheid, uitsigloosheid en frustrasie, saam met die versekering dat God wel in staat is om mense se harte te vernuwe en te verander. Ons swart kinders smag na hoop, na 'n toekoms, tot op die punt dat baie totaal nie meer omgee wat word nie. Dit is juis die rede waarom die Marxisme wêreldwyd so vorder. In verskeie onlangse studies, ook deur Christen-teoloë, is bevind dat die Marxisme om een of ander rede daarin slaag om hoop te laat ontvlam by mense wat hulleself sien as die verloorders en die slagoffers in die menslike geskiedenis. Diè punt word soveel meer wesenlik wanneer sulke mense voel dat hulle hopelose situasie juis te wyte is aan die rol wat die Christelike kerk en Christenmense in die naam van die Bybel gespeel het. As wit Christene hierdie nuwe droom kan begin droom, kan dit vir wit en swart nuwe, evangeliese toekomsmoontlikhede open.

## 4. HOE IS DIT MOONTLIK VIR SO 'N DROOM OM TE ONTSTAAN?

Afsluitend moet 'n mens egter realisties wees en vra: **hoe kan dit hoegenaamd gebeur?** Hoe is dit moontlik vir 'n kerk om 'n nuwe lewens- en wêreldbeskouing te ontwikkel, 'n nuwe morele visie, radikaal nuwe prioriteite en gedragspatrone te aanvaar?

Baie mense is eenvoudig sinies hieroor en dink dat dit onmoontlik is om in elk geval bewusteliks iets daartoe by te dra. Dit kom of dit kom nie, sê hulle. Ideologieë ontwikkel en verdwyn; simbole kry betekenis en vervaag weer, idees word ryp en kom as 't ware in die lug en vervaag dan weer en gaan verby, sê hulle. Dit geskied volgens onbeheerbare en onbeïnvloedbare prosesse. Veral gesprek en dialoog en morele argumente en etiese appèlle op mense sal niks oplewer nie.

In 'n minder siniese bui sou 'n mens egter kon sê **dat daar twee moontlikhede bestaan: òf die kerk kan met nuwe oë na die Bybelse boodskap begin kyk** en begin agterkom dat sy vroeëre visie en interpretasie van die Bybel ideologies van aard was, eensydig en skeef, gebore uit ander belange en strewes, wat die hart van die evangelie dalk in bepaalde opsigte verduister het; òf die kerk kan **met nuwe oë na die werklikheid begin kyk,** ervarings begin maak wat tot die besef lei dat sy vroeëre visie en interpretasie van die werklikheid ideologies van aard was, eensydig en skeef en dat die evangelie nie regtig so mooi toegepas word soos vantevore dalk gemeen is nie. Aan die een kant kan dit dus gebeur dat 'n kerk geleidelik kan ontdek dat hy sy eie **boodskap** begin skeeftrek en **verteken** het, skeef oor God, Christus, die roeping van die kerk, die lewe begin dink en praat het, sekere skewe aksente gelê en wesenlike aspekte van die boodskap begin verwaarloos of vergeet het. In so 'n geval mag die kerk se oë dalk geopen word in 'n gesprek oor wat die evangelie werklik te sê het. Aan die ander kant kan dit gebeur dat 'n kerk geleidelik kan ontdek dat hy die **werklikheid** begin **verteken** het, mettertyd al hoe meer in die illusie begin leef het dat alles in die samelewing wel in orde is en dat die evangeliese eise wel genoeg vervul word. In so 'n geval mag die kerk se oë dalk geopen word in 'n proses waarin lidmate van die kerk werklik te make kry met ander mense se belewing van die werklikheid.

Toegepas op die wit kerke in Suid-Afrika, sal dit gevolglik miskien moontlik word om 'n nuwe droom te begin droom indien hierdie twee weë gevolg word: die kerke moet opnuut probeer kyk na sowel die Bybelse visie as na die Suid-Afrikaanse samelewing. **Ongelukkig lyk dit asof albei weë moeilik begaanbaar is.**

Wat die **eerste** weg betref, kan 'n mens met reg twyfel of byvoorbeeld die NG Kerk net deur die Bybel op sy eie te bestudeer 'n nuwe droom sal ontwikkel. Die NG Sendingkerk het met sy konsepbelydenis byvoorbeeld probeer om 'n algemeen aanvaarde Bybelse droom op te roep in die verwagting dat ander Christene, ook lidmate van die NG Kerk, by oorweging daarmee akkoord sou kon gaan, sodat dit dan moontlik sou kon word om op daardie gemeenskaplike basis die eintlike gesprek te kon voer, te wete om krities te kyk na die samelewing en na die gebrekkige manier waarop aan daardie droom uitvoering gegee word. In plaas daarvan het die NG Kerk se Breë Moderatuur alreeds met ons in verskil gegaan oor hierdie Bybelse visie self! Boonop het die Algemene Sinode van die NG Kerk doelbewus besluit om hulle dokument, **Ras, Volk en Nasie,** op hulle eie te hersien, sonder enige amptelike inspraak van die susterkerke. In die lig van wat alreeds gesê is oor die verblindende rol van 'n lewens- en wêreldbeskouing, behoort daar tans eintlik nie 'n fundamentele verskuiwing in die basiese vraagstelling en visie verwag te word in so 'n eksklusiewe binne-gesprek in die NG Kerk nie. Hoogstens kan 'n mens verstellings verwag wat sal pas by die nuwe gees wat vaardig is in die Afrikanerdenke en -lewensgevoel en by die nuwe belange en strewes. Daar skuil te veel waarheid in die stelling dat korrekte idees nie sommer uit die lug val nie. Die bril waarmee mense die Bybel lees sal nie sommer skielik van hulle neuse afval as hulle nie een of ander redelike harde stamp kry nie!

Daarmee is ons by die **tweede** moontlike weg, diè van 'n harde stamp, 'n vreemde ervaring, van buite. Daarvolgens sal wit Christene hulle basiese visie kan verander indien hulle waarlik persoonlik, eksistensieel gekonfronteer word met die swart ervaring en begin beleef hoe swart mense hierdie samelewing sien en daaroor dink. In 'n sin is dit miskien selfs nog meer twyfelagtig of daar iets langs diè weg sal gebeur. Apartheid was doodgewoon te suksesvol. Die ideaal was om die rassegroepe so volledig moontlik van mekaar te skei en te isoleer, sodat daar geen kontak, gesprek of gemeenskaplike ervarings moes wees nie - en diè ideaal het volkome geslaag. En die kerk het hieraan entoesiasties

meegedoen. Daarom leef ons by mekaar verby in twee wêrelde. Werklik sinvole kontak is feitlik onmoontlik en waar dit doelbewus geskep word, is dit in baie gevalle so kunsmatig en oppervlakkig dat dit geen goeie doel dien nie. Ons ken en sien mekaar nie meer as mense sóós ons nie, maar as dinge, as voorwerpe. Vir baie swartes se besef is dit dan ook nou te laat, sowel vir betekenisvolle sosiale kontak as vir egte, sinvolle dialoog. Baie swartmense verwag niks meer van dialoog en samewerking nie, trouens, wantrou en vermy dit. In hierdie sin bevind die wit kerke hulle daarom in 'n hoender-en-eier-situasie: nie een kan regtig eerste wees sonder die ander nie. Die swart gemeenskap sê: sonder fundamentele verskuiwings aan julle kant, wat sinvolle gesprek moontlik maak, geen kontak nie. Die feite van die saak is egter: sonder die sinvolle kontak met die swart ervaring is die fundamentale verskuiwings in die deursnee wit denke juis feitlik onmoontlik. Om die tragedie te kroon, het die wit kerke hulle oor die jare heen, soms met 'n mate van selfvoldaanheid, afgeskei van alle moontlike ekumeniese kontakte waar die swart Christene darem nog op 'n manier amptelik verplig was om met die wit Christene te praat en waar wit Christene dus moontlik tog nog iets kon hoor van wat in die swart kerklike gemeenskap leef. In die meeste van hierdie liggame geld dieselfde hoender-en-eier-situasie gevolglik nou: voordat die wit kerke nie van opinie verander nie, is normale inskakeling onmoontlik - en klaarblyklik is daardie verandering van opinie nog afwesig. Selfs al sou die NG Kerk byvoorbeeld vandag die moedige stap neem om by die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke te wil aansluit, waar hulle in ieder geval al die jare moes gebly het, sal hulle waarkynlik nie eens aanvaar word nie. En die Breë Moderatuur besluit in hierdie tyd sowaar om self, op eie inisiatief, bande op te skort met die Gereformeerde Ekumeniese Sinode, omtrent die laaste ekumeniese liggaam waar die NG Kerk darem nog welkom is! Kortom, ook hierdie tweede moontlikheid, te wete dat wit Christene in 'n posisie sal kom waarin hulle hulself kan begin sien in die swart situasie, kan begin dink dat dit hùlle kinders kon wees, hùlle ouers, hùlle eggenote, en in die lig daarvan opnuut sou kon begin vra of dit regtig waar is dat die Bybelse eise van geregtigheid, naasteliefde en barmhartigheid hier uitgeleef word, ook hierdie moontlikheid lyk bitter vaag.

Wat bly dan oor? Sosioloë sê dat die werklik belangrike besluitnemingsprosesse, meningsvorming, standpuntnames en debat in 'n kerklike gemeenskap nie soseer in die sogenoemde formele of amptelike prosesse plaasvind nie, maar wel in die

sogenoemde informele prosesse. Dit geld by uitstek van 'n kerk waar reusagtige sinodes, in vreemde verhoudinge van verteenwoordiging saamgestel, maar slegs een maal elke vier jaar vergader om dikke agendas oor 'n wêreld van onderwerpe teen 'n geweldige spoed af te handel, waarna daar weinig ordentlike kanale bestaan om die verslae en besluite tot die grondvlak van die kerk deur te voer. Daar hoef nie eens hieroor uitgebrei te word nie. Dit is voor die hand liggend dat die werklike gesag in die kerk elders setel, in invloedryke figure, in die burokratiese amptenare, in diegene wat deur die loop van die vier jaar sake moet behartig, in die kommissies, ensovoorts. Die werklike meningsvorming vind dan ook elders plaas: in die gemeentelike aktiwiteite, in die prediking, in die wyksbyeenkomste, in die kerkrade, in informele gespreksgroepe, in die openbare media, in die optrede van diegene wat elkeen in sy of haar eie invloedsfeer meningsvorming wil laat plaasvind.

As dit die geval is, bestaan daar 'n legio van moontlikhede vir individuele Christene en groepe van Christene, wat met nuwe oë na die evangelie begin kyk en wat iets begin beleef van die ongelykhede en spanning in ons samelewing, om langs hierdie informele prosesse hierdie Bybelse droom met andere te deel. In baie gevalle sal dit moed vra, maar dit is aan moed wat ons land vandag 'n behoefte het: die moed om op te staan en getel te word, die moed om die "nooit gehoorde dinge" (Van Wyk Louw) te begin sê, die moed van die **verbeelding,** om 'n mens te probeer indink en inleef in die situasies van dië naastes met wie ons nie direk te make kry nie, die moed om ook die ander kant van elke saak te probeer sien en die ongemaklike vrae te vra, ook wanneer die feite en die gevolgtrekkings so vanselfsprekend lyk en aan ons voorgehou word, die moed om as lastig ervaar te word, geëtiketteer en deur sommige verwerp te word, die moed om tydig en ontydig te getuig van 'n morele visie, van 'n Bybelse droom, wat 'n nuwe toekoms kan open, juis ook vir diegene wat dit nou nog so vuriglik verwerp.

Die kerkvader Johannes Chrysostomus het by geleentheid na aanleiding van Matteus 25 gesê dat Jesus nie eendag vir ons sal sê dat ons die siekes nie genees en die gevangenes nie bevry het nie, maar wel dat ons hulle nie besoek het nie. Jesus, sê Chrysostomus, vra nie van ons die onmoontlik nie, maar slegs die moontlike, dog, so voeg hy by, **vir die liefde is baie dinge moontlik,** baie meer as wat ons selfs kan droom.